Kranspoortnuus



# Kranspoort Bulletin

Kranspoort Vakansiedorp Gemeenskapsblad Volume 3, Julie 2020



## In hierdie uitgawe

Sekuriteitkrisis Bl.1
Kranspoort 30 jaar Bl 3
KEK Operasionele verslag Bl.4
In die natuur Bl.5
Covid19 screening Bl.7
KP mense en hulle dinge Bl.8
Kampvuurstories Bl.10
Resepte, Grappies Bl.12

Voorbladfoto deur Piet Groenewald. (bl.12)

## Uit Piet se Pen....

Geagte Kranspoorter,

Vandag wil ek begin by 'n wyse aanhaling van Rupert Murdoch: "**The World is changing very fast.** Big will not beat small anymore. It will be the fast beating the slow." Sy woorde sluit baie mooi aan by Charles Darwin wat gesê het: "It is not the strongest of species that survive, nor the most intelligent, but the most responsive to change."

Die Covid 19 Pandemie het die toepaslikheid van dié twee aanhalings na vore gebring. Alles het skielik verander en die effek wat dit op ons in Kranspoort het, word elke dag al meer en meer besef. Van ons mense kry skielik met uitdagings te doen waaraan ons nie gewoond was nie of heeltemal onbekend aan ons is. Die rustige lewe van veiligheid en sekuriteit wat ons vir baie lank as 'n gegewe as ons reg hier in Kranspoort beskou het, het in 'n oogwink verander. Die meeste van ons het ons families wat ver bly, vir wie ons maande laas gesien het en dit lyk of ons steeds nie gou by hulle sal kan uitkom nie.

Ek is dankbaar om te kan sê dat baie Kranspoorters ywerig reageer en saamstaan om die uitdagings die hoof te bied. Dit het baie duidelik geword in die toegewyde manier waarop soveel Kranspoorters deel geword het van groenligpatrollies, heininginspeksies en finansiële bydraes wat gegee is om hierdie vlaag van inbrake die hoof te bied. Hoe ons op al hierdie veranderinge gaan reageer en hoe vinnig ons daaruit leer en wat ons daaromtrent doen, is wat nou belangrik is. Dit gaan nou oor wat ons wil bereik, soos Vince Lombardi dit gestel het : "Some will do our job well and some will not, but we will be judged by only one thing , the result." Ons het nog nie gewen nie, maar ek glo vas dat ons die stryd gaan wen.

*Uit Piet se pen vervolg op bladsy 2*

## Krisisbestuur: Sekuriteit in Kranspoort

Kranspoort staan alom bekend as die "Klein Paradys". Maar ook hierdie paradys het sy slang gewys in die vorm van inbrake en ander misdaad! Sedert 2019 het misdaad in die dorp toegeneem en eienaars vra vrae oor aanspreeklikheid, verantwoordelikheid en wat gedoen word om die situasie te verbeter.

Johan Botha (afgetrede Polisie-kolonel) het Leierskap geneem om hierdie fenominale sekuriteitsprobleem aan te spree om Kranspoortbestuur en eienaars te help om die omgewing te beveilig en risiko's aan te bestuur.

Na maande van voorbereiding, gesprekke met belangegroepe (bv. Afriforum, SAP, GPF, buurplase), oriëntering en organisering het Johan en 'n span met 'n reeks strategiese fokusareas vorendag gekom. Implimentering van hierdie plan het in November 2019 aanvang geneem.

Die eerste groot aksie was om die grensheining te verhard na 'n tipe veiligheidsheining. Die volgende aksies is reeds uitgevoer:

- Aanbring van lemmetjiesdraad (3.5 km teen 'n koste van R21 000p/km)
- Oorspan van heiningdraad waar draad oud en verswak was.
- Installasie van flikkerligte langs die N11
- Aanbring van spreiligte op strategiese plekke langs die N11 om donker slote en kolle te verlig.
- Aanbring van kamera's
- Heining monitors (tans in uitvoering)

*Vervolg op bladsy 2*

## KEK Operasionele verslag

(Christo Landman – KEK Operasionele Bestuurder)

Sommer met die intreeslag het Christo Landman, Kranspoort Operasionele Bestuurder, sy rol met ywer en passie aangepak en vervul. Die uitdagings gepaardgaande met die pandemie, aanslae teen dorpsveiligheid, finansiële druk en tipiese winter uitdagings, moet die operasionele sy van Kranspoort steeds suksesvol funksioneer.


Lees die operasionele verslag en terugvoer oor aktiwiteite op **bladsy 4.**

## Kranspoort 30 jaar feesvieringe (Rudi Kruger- Direkteur, Spesiale Projekte)

Hierdie jaar is Kranspoort se 30ste bestaansjaar en die direksie het besluit dat die grootste Kranspoortfees nog ooit gereël moet word.

Oudergewoonte het staatmakers soos Fonnie van Vuuren, Johan Botha, Willie Schoeman, Sanet Kruger, die Woemas, Jukskeilaer, Wietske Smit en verskeie nuwe staatmakers dadelik hul dienste vir die reël van hierdie fees aangebied.

*Lees meer hieroor op Bl. 3*



## Uit Piet se pen vervolg

Die eerste 30 tweerigtingradios wat inwoners, hoofsaaklik lede van die buurtwag self aangekoop het, is al ingebruik. Dit het daartoe bygedra dat ons onlangs baie vinnig kon reageer toe die batterye by die toring op Vaalkop gesteel is.

U deelname aan die buurtwagte in Kranspoort is belangrik. Raak asb betrokke, al hou u net gereeld in die aand ‘n gedeelte van die pad om u huis dop. Rapporteer asb alle verdagte bewegings aan u buurrwagkoordineerder of lede van die buurtwag wat hulle bereid verklaar het om daarop te reageer.

KEK het sopas ook ‘n nuwe finansiële jaar binnegegaan. Vir die meeste Kranspoorters wat steeds hulle heffings getrou betaal, al gaan dit nie altyd maklik nie, is ons baie dankbaar want daarsonder kan ons Kranspoort nie instandhou nie.

Ons gholfbaan kan weer onder streng reëls spelers ontvang en die ondersteuning wat ons van ons gholfers ontvang, is verblydend. Goeie vordering is ook die afgelope tyd daar gemaak met die toebou van die stoor vir ons gholfkarre en ander toerusting.

Wild word steeds afgehaal en dit lyk of die bokke almal in die dorp kom wegkruip. Die gras in Kranspoort is tans redelik lank en droog en Kranspoorters word weereens vesoek om asb uiters versigtig te wees om nie iets te doen wat ‘n brand kan veroorsaak nie.

Kranspoort word vanjaar 30 jaar oud. Daar is ‘n span wat tans besig is om na geleenthede te kyk oor hoe ons dit kan vier.

Dit is nog nie bekend wanneer die volgende AJV gaan plaasvind nie en dit gaan alles afhang van die Covid 19 regulasies.

Ek het op die AJV van 22 Februarie aangedui dat ek op die direksie sou aanbly tot einde Junie. Daar is nou met direksie ooreengekom om nog bietjie langer aan te bly tot die volgende AJV.

Opregte dank ook aan Kranspoort Bulletin se redaksie wat elke keer ‘n puik bulletin aanbied met interessante leesstof oor hierdie wonderlike plek van ons. Ek sien daarna uit om dit te lees.

Piet Valks,Voorsitter: KEK

## Sekuriteit in (vervolg)

- Heining inspeksiegroepe is ingestel wat bykans daagliks die volle lengte van die heining te voet inspekteer en herstel waar nodig.

Die tweede prioriteit is die opgradering van toegangsbeheer by die hoofhek. ‘n Nuwe en meer gebruikersvriendelike, maar doeltreffende stelsel, sal eersdaags aangebring en in gebruik gestel word. Verbetering aan die toegangstelsel wat reeds aangespreek is, beloop:

1. Kameras by die toegangshek is nou ook toegerus met mikrofone wat klank opvang.
2. Nuwe sekuriteitsmaatskappy is aangestel wat opgeleide hekwagte voorsien.
3. Hekprosedure is hersien en verbeter.

Derde groot aksie is die formalisering en vestiging van van die Kranspoortbuurtwag. Dit sluit in:

1. Inligtingsessie (bedryf, opleiding, versekering, ens)
2. Identifisering en opleiding van sameroepers per straatname (groepe).
3. Aankoop en aktivering van tweerigting radio’s vir Afriforumlede. Hierdie aksie is uitgevoer in samewerking met Afriforum, wat die uitsaaitoring en versterkers finansier, lisensiekostes dek en toerusting aan Kranspoort, op ‘n leenbasis, voorsien. Inwoners kan radio’s teen R800 bekom deur lidmaatskap te aanvaar. Afriforum bied ook opleiding aan lede om beveiliging te bevorder.

Die sukses en effektiwiteit van hierdie stelsel hang af van die deelname van eienaars. Die proses het reeds in sommige van die areas begin vrugte afwerp. Inwoners word versoek om aktief deel te neem, met bure kennis te maak en ingelig te hou oor lang periodes van afwesigheid uit Kranspoort.

Johan benadruk egter dat veiligheid steeds die inwoner se eie verantwoordelikheid is en stel voor dat die volgende veiligheidstelsels deur inwoners ingestel kan word.

Beligting, diefwering en veiligheidshekke, alarms, en kameras.

Die vierde groot aksie rakende koördinering en samewerking met GPF (Gemeenskap-Polisieforum) struktuur sluit in: polisieondersoeke, koördinering met GPF patrollies en al hulle ander aksies (insluitend samewerking met die buurplase).




Die vyfde fokusarea is die dokumentering van insidente en inligtingsbestuur, sluit in:

1. Nodale rapporteringslyn
2. Administrasie (dokumenteer, karteer)
3. Bedreigingsanalise ("CPA" + "CTA")
4. Operasionaliseer
5. Beloning vir inligting

Die vestiging van ‘n reaksiegroep (Opstoppers) is die sesde fokusarea. Daar is huidig meer as 50 lede in hierdie groep, hoewel nie almal aktiewe lede is nie. Die Opstoppers is ingedeel in verskeie kleiner groepe met die volgende rolle en verantwoordelikhede:

1. Koördinasie & Kommunikasie.
2. Patrollies. Hierdie groep staan ook bekend as die groenlig Opstoppers. Snags word hulle ingedeel in groepe van twee wat ons dorp se strate deur die grootste deel van die nag patrolleer.
3. Voorlê. “n Klein groepie manne sal snags op strategiese plekke voorlê en waghou. Dit kan soms heelnag duur, van sononder tot sonop.
4. Observasie. Hierdie groep sal snags op strategiese plekke geplaas word om aktiwiteite in die dorp te monitor en ongeruimthede te rapporteer.
5. Tegnies (nagsig; infrarooi; radar)

Die sewende en laaste fokusarea behels die alternatiewe befondsing van sekuriteit in Kranspoort. Soos verwag kan word sal meeste van hierdie aksies kostes behels waarvoor daar nie voorheen begroot is nie. Verskeie eienaars het reeds goedgunstiglik bydraes gemaak. Elke vrywillige bydrae word waardeer en met noukeurigheid aangewend. Bydraes kan in die normale KEK rekening inbetaal word met die verwysing: **Sekuriteit,** wat sal verseker dat dit na die korrekte rekening geallokeer word.

Dit is met dank en waardering aan Johan en elkeen van die Opstoppers wat hulle tyd, voertuie, brandstof, kundigheid en finansies gee om al hierdie fokusareas suksesvol uit te voer en sodoende van Kranspoort ‘n veilige paradys te maak.




## Kranspoort 30 jaar fees-vieringe.
(vervolg)

Oudergewoonte het staatmakers soos Fonnie van Vuuren, Johan Botha, Willie Schoeman, Sanet Kruger, die Woemas, Jukskeilaer, Wietske Smit en verskeie nuwe staatmakers dadelik hul dienste vir die reël van hierdie fees aangebied.
Daar is besluit dat die fees op 4, 5 en 6 Desember 2020 sal plaasvind aangesien die 25 jarige fees ook op 5 Desember 2015 plaasgevind het. Genoeg tyd om ŉ fees te reël in byna ses maande en die Corona virus pandemie behoort dan oor te wees! Daar is besluit om nie ŉ tema vir die fees bekend te maak nie. Die fees sal net bekend staan as "KRANSPOORTFEES ……..30 JAAR LATER!"
Om struktuur te gee aan die Feesbeplanningskomitee is die volgende portefeulje spanleiers gekies:

| | |
|---|---|
| BORGSKAP EN BEMARKING | Maggie Hibbert |
| PROGRAM | Johan Botha |
| VERMAAK | Sanet Kruger |
| STALLETJIES | David van der Walt |
| VERVERSINGS | Wietske Smit |
| MOOT BETROKKENHEID | Magda van Maarleveld |
| FINANSIES | Jan Wilken |
| LOGISTIEK | Willie Schoeman |

Met die bystand van hul spanmaats het hierdie leiers vinnig weggespring en hul portefeuljebeplannings opgestel en beskikbaar gemaak. Daar is beplan om borge te kry vir sangers, orkeste en ook ander feesonkostes. Die feesprogram is saamgestel. Vermaak, soos byvoorbeeld Adam Tas, Spaanse Dansers, ŉ Boereorkes en ŉ Komediant is tentatief bespreek. ŉ Dans is beplan. Vir die kinders is speletjies beplan.
Kranspoort het beplan om baie stalletjies vir alle denkbare artikels beskikbaar te stel. Daar is begin om kostes vir stalletjies te bepaal en die plasing van die stalletjies is gedoen. Beplanning van ŉ bemarkingsveldtog vir die KRANSPOORTFEES ….. 30 JAAR LATER! is reeds begin. Die verversingsspan het reeds met idees vorendag gekom en die Moot se betrokkenheid is reeds goed op dreef. Die uitleg van die KRANSPOORTFEES…..30 JAAR LATER! is reeds amper voltooi.
Die eerste gevalle van die Covid 19 pandemie het egter baie vrae laat ontstaan. Gaan die virus nie die KRANSPOORTFEES….. 30 JAAR LATER! in die wiele ry nie? Gaan ons die kostes vir die sangers en ander kunstenaars verbeur indien die pandemie nog met ons is? Gaan ons almal in gevaar stel met die aanbieding van die fees?
Skriftelike asook mondelikse antwoorde op die vraag of ons moet voortgaan met die KRANSPOORTFEES ….. 30 JAAR LATER! kom oorweldigend daarop neer dat ons deur die virus gekniehalter gaan word! Dit is ook die oorweldige gevoel dat ons steeds voortgaan om ŉ fees te reël vir 4 en 5 Desember 2020 maar dat die fees so gereël moet word dat Kranspoort geen moontlikheid van ŉ verlies tegemoet gaan indien ons moet kanselleer nie.
Ons reël ŉ Duitse Bierfees vir 4 en 5 Desember 2020 met stalletjies. Ons hou dan die KRANSPOORTFEES….. 30 JAAR LATER! nadat die Covid pandemie die aftog geblaas het!




## Kranspoort kry nuwe Direkteur.




Theo Hurter is gedurende Junie aangestel as Direkteur Heffings. Hierdie rol is geskep om die KEK te help met die invordering van agterstallige heffings, watervoorsieningsgelde en ander inkomstegroepe. Heffings vorm die kern van Kranspoort se inkomste. Dit verseker suksesvolle bestuur en voorsiening van essensiële utiliteite en geriewe waarsonder Kranspoort nie kan voortbestaan nie. Theo bied aan Kranspoort 'n diens gegrond op jare ondervinding, kundigheid en vaardigheid.

Baie geluk en voorspoed aan Theo vir hierdie belangrike en uitdagende rol.

## Kranspoort Biblioteek

Nie alle inwoners is daarvan bewus dat die Kranspoort Administrasiegebou 'n klein, maar goed toegeruste Biblioteek, huisves nie. Meeste boeke in die Biblioteek is skenkings van inwoners, wat graag hulle leeservarings met ander wil deel. Die diens word gratis aangebied en geen lidmaatskap is nodig nie.

Drie van Kranspoort se dames beheer en organiseer die Biblioteek professioneel en effektief. Boeke is per outeur gesorteer en akkommodeer meeste genres.




## Boekresensie.

Titel: White Thorn
Outeur: Bryce Courtnay (Australië)
Genre: Drama

Die Suid-Afrikaans gebore outeur is bekend vir sy drama's wat hoofsaaklik in Australië se platteland afspeel. In uitsondering hierop speel hierdie boek in Afrika af. Die boek volg die lewe van Tom Fitzsaxby. Ons leer hom ken as jong seun in 1939, waar hy in die kinderhuis woon. Soos die boek ontwikkel volg ons die hoofkarakter se lewe, wedervaring, uitdagings en ontwikkeling soos dit afspeel in Johannesburg, die ou Rhodesië, Kenia (waar hy teen die Mau Mau's veg) en terug Suid Afrika toe.

Dis ń goeie boek, in 'n gemaklike leesstyl en bied ook baie stof tot nadenke. Dit bied aan die leser 'n verskeidenheid van gebeurtenisse van moord, politiek en romanse. Die redaksie het die boek 'n 7 gegee uit 'n 10 punt skaal.

# KEK Operasionele verslag. (Christo Landman)

**Kranspoort maak Brand voorbereiding**

Vir twee-en-'n-half jaar was daar nie skoongemaak teen die heinings nie. Nou is daar vyf meter skoongemaak en al die droë hout wat kan brand, is verwyder uit die area uit. Elke jaar, gedurende Mei, spuit ons dit met Roundup (dis waar Roelf Botha aanvanklik in die prentjie gekom het) en dit word uiteraard al hoe makliker. Weens die helling sowel as die ruigte van die bosse, het die area vanaf die rivier tot op die kruin van die berg, meer as drie weke geneem om skoon te kap. Die stukkende heining is ook vervang.

Daar is baie werk op die plato gedoen om die veld skoon te maak en die gehalte van die veld te verbeter. Die plato is nou in goeie toestand en die gras begin weer groei. Die impak van Covid19 het 'n tekort aan mannekrag tot gevolg gehad, wat verhoed het dat ons hierdie jaar voldoende voorbrand kon maak. Die aanvanklike idee was om in samewerking met Hennie, ons buurman, by die gruisgat-area te brand. Hierdie planne is egter gekortwiek deur die gebrek aan mannekrag. Nuwe planne is in plek gesit vir volgende jaar, maar dit is meer om ou gras uit te kry sodat ons nuwe groei kan bewerkstellig.

**Watervoorsiening en -beheer**

Die Veoliasisteem is nou herstel en in goeie werkende toestand, sodat inwoners die afgelope sewe maande van skoon water voorsien kon word. Alle foutiewe toe-rusting is vervang en oneffektiewe chemikalië verruil met heelwat beter produkte. Die afsnykleppe in die dorp is vervang  en nuwe pype geïnstalleer. Stadig maar seker is hierdie trein besig om op spoed te kom. Kranspoort lewer weer soos in die verlede water van 'n baie goeie gehalte. STLM se terugvoer na inspeksie op ons waterstelsel en sanitasie is uitstekend. Hulle het verseker dat ons huidiglik Gauteng se bloudruppel status oorskrei. Ons drinkwater is baie gesond en suiwer en die water word op 'n maandelikse basis deur 'n privaat laboratorium getoets.

**Boorgate in die dorp.**

Die KEK het bewus geword van inwoners se kommer oor die aantal boorgate wat by privaat eiendomme gesink word. KEK beskik oor 'n lys van alle boorgate wat in die dorp gesink word. Die dorpsgedeelte in die kloof lê geografies in 'n waterryke gebied en behoort voldoende water te bied. 'n Verdere vraagstuk handel oor higiëne en suiwerheid van water. Kranspoortdorp maak gebruik van "french drain" stelsels waarvan die water ook in die grond syfer. Huidig is daar nog geen gevaar nie aangesien die syfering van die water deur 'n aantal lae dring wat 'n natuurlike suiweringstelsel is. Daar is reeds toetse gedoen op van die privaat boorgate en gevind dat dit natuurlik skoon is,

**Kranspoortpaaie**.

KEK is besig met instanthouding op die paaie aangesien dit  makliker in die winter is. Dit sluit in:  n dik laag padgruis oor die pad wat  gekompakteer word. KEK het goeie toerusting, maar omdat die omstandighede in Kranspoort baie uitdagend is, is dit moeilik en neem tyd.. Aalwynsingel is voltooi en daar word nou grond aangery vir Swartbaarsingel. Die grond word met sement gemeng om oor die paaie aan te bring en daar sal addisionele waterkeerwalle aangebring word. Daar word tans vyf huise gebou in daardie area en die trokke verniel ons paaie. Die volgende fase is in Gemsbok- en Elandstrate waar dieselfde probleem is. KEK het begroot om drie areas met grond/sement te versterk. Ingesluit by die plan, is om afvoerkanale onder en langs deur die pad te bou.

**Uitdunning van die wild**

Daar is al reeds verskeie impakstudies oor die veld en diere gedoen, waaraan Dawid van der Walt (Direkteur Wild- en veldbestuur) aandag gee, die impakte word bestudeer en voorbereiding vir herstel en instandhouding van die veld word voortdurend gedoen.

Indringerplante is geïdentifiseer en berge vol is uitgehaal. Ook die inwoners se samewerking het goeie bydrae gelewer. Die impakstudie het getoon dat die plaas baie boomryk is, maar dat die gras te min is, wat die drakrag van die veld verminder. Dit beteken dat wild verminder moet word om voldoende weiding vir die wild te verseker. Kranspoort het omtrent 600 rooibokke. Teen 'n aanwas van 50% of selfs hoër beteken dit dat die rooibokgetalle tweejaarliks bykans verdubbel. Volgens die impakstudie is Kranspoort se drakrag in die omgewing van 150 rooibokke. Die uitdunningsplan is om 200 af te haal, waarvan 58 reeds afgehaal is, en 'n addisionele 50. Weens  intelery  word beplan dat die addisionele 50 vervang sal word met die aankoop van 50 rooibokooie om die bloedlyn suiwer te hou.

Twee jaar gelede is reeds ses nuwe ramme aankoop, maar net een van hulle kon nog n troppie vorm. Die nuwes gaan almal ge"tag" word.

Koedoes moet 20 afgehaal word, waarvan 4 reeds afgehaal is,  en 5 sebrahingste. Die rede daarvoor is dat daar meer as een hings in ń groepie is en sodra daar ń nuwe vulletjie is, skop die ander hings hom dood, want dit is nie sy bloedlyn nie. Om een hings per trop uit te dun sal 'n nuwe aanwas verseker. Daar is n goeie mark vir die sebravleis (word in polonie gebruik) en die verwerkte vel is uiters gesog onder buitelandse toeriste, wat  'n goeie bron van inkoste is.

Slegte nuus is dat ons enigste blouwildebeesbul uitgeskiet moes word weens 'n gewas in sy linkervoorpoot wat so ernstig was, dat hy nie meer kon loop nie. Die plan is om 'n jong bulletjie aan te koop wat weer 'n nuwe bloedlyn verseker. Die drakrag van ons veld  is geskik vir 20 Blouwildebeeste.

Dit gaan goed met die kameelperde. Daar word beplan om n nuwe koei aan te koop, sodra die finansies dit toelaat. Ons nuwe spesies ontwikkel goed en die nuwe gemsbok- en sabelkalfie is in goeie kondisie.

**Kranspoortgholfbaan**

Die impak van die pandemie het egter ook hier probleme veroorsaak. Goeie werk op die setperke en speelveld was besig om daardie skip om te draai en sou hierdie jaar finansieël gelyk gebreek het. Daar is uitstekende werk gedoen aan strukture wat verander is en nuwe metodes van bestuur wat aangewend is het alles gelei tot 'n baie effektiewe  en kostebesparende uitkoms. Die personeel is verminder en die kombuis is toegemaak.

Die plan is steeds om in die onderdak gedeelte ń nuwe kombuis aan te bring wat om en by R60,000.00 sal kos. Hierdie funksie sal dan uitgekontrakteer word aan n derdeparty en sodoende kos aan die klubspelers en besoekers voorsien.

Wat betref die golfkarretjies : Dit is op n afbetalingstelsel, maar sodra dit vereffen is, behoort die verhuring van karretjies goeie winste te toon.

# In die natuur…Hoera! Vir die Jollie Bobbejaan!







## Bobbejaan

*Met erkenning aan "Mieliestronk"*

*Deur Rentia Botha*

BOBBEJANE is in die reël diere wat letterlik plat op die aarde lewe, maar hulle sal wel in bome klim om byvoorbeeld te slaap of die wêreld om hulle te bespied.

Om dieselfde veiligheidsredes soek hulle ook kranse op. Dit is hierdie hebbelikheid wat dekades gelede die ou Afrikaanse digter en natuurkundige Eugène Marais (1871–1936) beweeg het om hulle "burgers van die berge" te noem.

Hulle vreet dikwels enige plantaardigheid wat te vrete is—vrugte, sade, plantwortels, uintjies, grasse, die gom van doringbome en boombas—maar hulle sal ook insekte soos sprinkane as versnaperings waardeer. Tot skerpioene word verorber nadat die giftige angels rats afgepluk is. Af en toe vreet hulle boonop diertjies soos voëls, knaagdiere, hase en selfs die kleintjies van groter soogdiere soos wildsbokke, asook skaap-lammers. Hulle is veral geneig om die jong lammertjies oop te skeur ter wille van die melk in die melkpensie.

Bobbejane hou meestal in troppe van gewoonlik sowat vyftig, maar dit kan ook heelwat minder of heelwat meer wees. In so 'n trop van 'n halwe honderd enkelinge kan daar sewe of agt mannetjies wees, met nagenoeg dubbel soveel wyfies plus hul kleintjies.

In hierdie geslote gemeenskappe geld 'n ingewikkelde rangorde, en die tropgenote kan uit 'n doodgewone "gesprek" tussen twee enkelinge aflei wie baas en wie Klaas in die bepaalde verhouding is. Sodra 'n adoons van 'n lae klas 'n eerbiedwaardige kees uitdaag, toon die trop 'n buitengewone belangstelling in die onderonsie. As dit tot 'n geveg lei, kan 'n uitslag in die guns van verdruktes immers die rangorde ingrypend beïnvloed.

Vir die paringsdaad op die grasvlaktes van Afrika is meneer Bôgom se sosiale posisie ook van belang. Die mannetjies is veelwywers wat met enige gewillige wyfie sal kafoefel, maar ook hier hang dit in 'n sekere mate van die gretige ta se maatskaplike stand af watter plek hy in die ry van die vryers kan inneem. Dit is nie ongewoon dat die mannetjies onder mekaar baklei dat die hare waai nie.

Die wyfie kry in die reël een kleintjie per jaar. Sy is ses maande lank dragtig, waarna sy 'n enkele kleintjie van sowat 'n kilogram in die lewe bring—'n verskrompelde swart bondeltjie lelikheid, wat net 'n bobbejaanma kan liefhê. (Die kleintjies van die klein Kinda-bobbejane kom egter met wit pleks van swart hare in die wêreld.)

In die eerste maand ná sy geboorte is 'n kleintjie nog so hulpeloos dat hy baie naby aan sy ma moet bly, wat hom met haar een hand teen haar pens hou wanneer sy loop.

Wanneer die bobbejaan vyf tot ses weke oud is, kan hy egter al op haar rug ry terwyl hy met altwee handjies en albei voetjies aan haar vasklou. Algaande win hy selfvertroue en verbeter sy postuur totdat hy binne enkele maande kordaat regop op ma se rug sit soos 'n wafferse cowboy op 'n perd.

As hy tussen vier en ses maande oud is, bring die kleintjie reeds die meeste van sy tyd in die geselskap van ander kleintjies deur. In sy trop leer hy van oorlewing in die natuur, van gesag en interaksie en van medebobbejaanlikheid. Ná vyf tot agt jaar sal die bobbejaan oud genoeg wees om self 'n nageslag te genereer.

Jong mannetjies wat volwasse raak, bly nie in die trop waarin hulle gebore is nie, maar vat koers die wye wêreld in. Hulle voeg hulle by 'n ander trop, net om weer daar pad te gee om by 'n derde trop vir die wyfies te gaan ogies maak. En so gaan dit voort.

Baie maal is daar natuurlik hewige bakleiery, want die losloper-mannetjies word maar stadig in nuwe troppe aanvaar. Aanvaarding geskied meestal wanneer hulle "vriendskappe" met verskillende wyfies aan die buiterand van 'n trop aanknoop. Hulle help dikwels om 'n wyfie en haar kleintjies teen gevaar te verdedig.


Hoe lank bobbejane kan verwag om te lewe? In gevangenskap is die rype ouderdom van 45 jaar al behaal, maar hul lewensverwagting in die natuur is sowat 30 jaar.

Ten slotte is die volgende aanhaling uit Kennis-ensiklopedie insiggewend:

"Die gesinslewe van bobbejane is baie meer 'menslik' as dié van enige ander diere. Dit blyk veral uit die manier waarop hulle hul kleintjies grootmaak. Die kleintjies bly baie lank in die sorg van die ma, wat hulle leer watter kos hulle kan eet, hoe om dit in die hande te kry, watter diere hul vyande is, hoe om hul pad te vind, ens.

" 'n Jong bobbejaantjie wat deur mense grootgemaak word, is heeltemal hulpeloos as hy weer in die veld of oerwoud losgelaat word. Dit toon dat die hulle, net soos die mens, in die eerste plek staatmaak op wat hulle leer—en nie op instink, soos die meeste ander diere nie."

Hopelik was baie van die inligting hierbo vir jou nuut en nuttig. Indien nie, moet net nie daarop reageer deur te sê dat enige bobbejaan mos darem al hierdie dinge sal weet nie!




### Klein boetie

Waar kom ons nuwe klein boetie vandaan?
Oos van die son en ver wes van die maan
Woon op die berge 'n klein bobbejaan,
    Kees se seun Joggem.
Abba moes Ma hom aljimmer, maar saans
Penorent, sit hy daar bo op die krans.
Kyk hoe die jong bobbejane daar dans;
    Soms skree hy: Boggem!

Mammie het lankal vir 'Suster' gesê
Dat ons graag weer 'n boetie wil hê;
Toe het sy saam met die dokter oorlê
    Joggem te vang;
Voor hy kon 'ê' sê, was hy in die hande;
Voor hy kon byt, trek die dokter sy tande.
Soe, maar hy skree dat dit dreun oor die rande!
    Glo hy was bang!

Een, twee, drie word toe sy stert afgekap,
Gou in die seeppot sy haar afgekrap.
'Hou op met kielie of 'k huil my nog slap!'
    Skree die kabouter.
Daarna word hy toe in watte gepak,
Saamgeneem in 'n tamaaie groot sak;
Raai en toe word die klein bergenaar mak -
    Stil die klein stouter.

Nou lê hy lekker in moeder se armpies,
Wit soos 'n lammetjie, saggies en warmpies,
Veilig teen donker en dag se alarmpies,
    So suikersoet.
Handjies en voetjies so sag as ferweel.
Dat hy 'n aap was, kan'k skaars my verbeel,
Ek was ook een en dit kan dus min skeel -
    Hy is my boet!

## Chachma Baboon – a few facts.

This sociable, versatile and highly intelligent baboon is the most widespread primate of sub-Saharan Africa. Where humans pose no threat – such as around safari lodges – it can become a confident opportunist, so keep your tents flaps closed and your picnic lunch out of sight.

The several different races of baboon, from the chacma baboon of the Cape to the olive baboon of the Masaai Mara, are today recognised by most scientists as regional variants of a single species.

- The canine teeth of an adult male baboon are longer than those of a leopard. He will use them in yawning threat displays to rivals but also as lethal weapons, both in attack and self-defence.
- Baboons, like us, rely on subtle social skills for survival. A lower-ranking male will even use strategic child-care – looking after the infant of a higher-ranking female – in order to elevate his status within the group.
- Baboons are omnivores. They feed on anything from fruit and seed pods to birds' eggs and invertebrates, and will kill and eat animals as large as hares or newborn antelope.
- You can tell where a troop of baboons has been foraging, from all the stones they turn over while searching for tasty titbits such as scorpions.
- Baboons use over 30 vocalisations to communicate, including grunts, barks and screams. They also employ numerous non-vocal gestures, including yawns, lip smacking and shoulder shrugs.



François le Valliant

## Hierdie Kees klim nie net berg nie.

KEES die mak bobbejaan was vol apestreke. 'n Opperste karnallie wat gedurig met bogterye besig was.

Die ou sekelstert het selfs sy mensebaas op jagtogte vergesel, hoewel hy by tye nie meer tred kon hou met die moordende pas van die jaggeselskap nie. Dan het Kees eenvoudig op die rug van een van die jaghonde gespring. En ewe vrypostig 'n lang rygeleentheid gesteel op die weldadige woef wat sy astrantheid maar gedwee aanvaar het.

Die bobbejaan genaamd Kees was die troetel-adoons van 'n sekere François le Valliant (1753–1824), 'n Franse natuurkundige wat in die 1780's in die ongerepte Suid-Afrikaanse binneland rondgereis het. Dit is in Le Valliant se reisbeskrywings dat ons hierdie bobbejaan as sy onnutsige metgesel leer ken. Die aapskeloeder het darem ook sy nut bewys deur 'n uitstekende brandwag te wees.

Lank voordat selfs die honde in die ekspedisie van 'n naderende gevaar bewus geword het, sou Kees al alarm gemaak het. Naderhand het einste hierdie honde, wat seker veronderstel was om die wagters te wees, blykbaar na die bobbejaan opgesien om hulle te beskerm. Hulle het eenvoudig sy oë en bewegings dopgehou en gelyk saam eenkanttoe weggespring wanneer hy aangedui het dat gevaar van die ander kant af dreig.

Vir hierdie honde sou dit nooit klaar met kees gewees het terwyl Kees in hul midde was nie!










**Bobbejaan spreekwoorde**

Bobbejaanstuipe = aanval van woede, boosheid

Bobbejane het daar 'n kierie nodig = gesê van 'n onbegaanbare pad

Die bobbejaan agter die bult gaan haal = jou moeilikhede vooruitloop

Hulle is bobbejane = hulle is baie dom

Soveel van iets weet as 'n bobbejaan van godsdiens = niks daarvan weet nie

Toe jy nog 'n bobbejaan was = voor jou geboorte



Pastoor kom op 'n bobbejaan af wat kan praat. So leer die pastoor die bobejaan bid, sing en preek.

Een dag sê die pastoor vir sy gemeente: 'Die bobbejaan gaan bid.'


Die bobbejaan sit dood stil. Tweede keer vra die pastoor die bobbejaan om te sing maar die bobbejaan is doodstil.

Na die diens vra die pastoor: "Hoekom wou jy nie bid of sing vir die gemeente nie?"


'Pastoor was dit nou nodig om te sê die bobbejaan? Jy kon darem gesê het Brother Bobbie.'



Chacma Baboon Front And Rear Footprints...



Chacma Baboon Faeces




**Mpumalanga Department of Health visits Kranspoort (continue)**



*Sister Winnie Khumalo*

During the week of 6 to 12 July the Mpumalanga Health Department visited Kranspoort. Sister Winnie Khumalo and her team of 12 Community Health workers walked the streets of Kranspoort with the aim to convey door-to-door Covid19 screening and support where necessary.

Their main goal of screening activity was the early detection of the disease in order to reduce the possible risk in Kranspoort.

According to the latest release of Covid19 statistics, by the Mpumalanga Department, Steve Tswete is currently standing at 382 positive cases and 121 recoveries. The total number of cases for the Mpumalanga Province is 3596.

In discussion with Sister Winnie she declared. "As the cases statistics escalate medical services are continuously under pressure and need to constantly plan and prepare to accommodate the growing need for medical care. The trend is now to put new and better measures in place, as we never had before to enable medical services to cope with the command." Sister Winnie told.

The World Health Organisation (WHO) recently acknowledged evidence emerging "of the airborne or aerosol spread of the novel coronavirus. Aerosol transmission involves much smaller particles that can remain in the air for long periods of time and can be transmitted to others over distances greater than one meter." Sister Winnie explained the impact this could hold for Kranspoort residents:

"Kranspoort residents are mostly people above the age of 55, placing them directly in the high-risk category and should protect themselves at all cost. Sharing domestic workers create an even higher risk of spreading the virus from one household to another. The third threat for this community is people entering from outside into Kranspoort and your houses, such as visitors, contracting workers etc."

Protecting yourself involve knowing and understanding the facts related to the disease and symptoms and taking appropriate precautions. Sister Winnie advised:

"Being a community of mature and older residents' best precaution is to stay at home and if you need to go out, keep your social distancing and wear your mask, covering both your mouth and nose.

In Kranspoort you have a good practice of screening workers at the gate. My suggestion will be to screen all people entering the premises, not only workers and keeping record."



*Mpumalanga Community Health workers visiting Kranspoort*

The recently reported positive cases in Kranspoort highlighted awareness for the virus. If you have a fever, cough or other symptoms related to Covid19 or were in contact with people who tested positive, please do the following:

Keep track of your symptoms. If you have an emergency warning sign, including trouble breathing, get emergency medical care immediately and inform Kranspoort authorities (Piet Valks or Rudi Kruger).

"That confirms the importance of screening in communities. The team not only screen, but also support and advise. If a Health worker find a person(s) who screen any symptoms, they will immediately contact me and I will test the person, advise and assist where needed." explained Sister Winnie.

Once you were tested, or think you might have Covid 19, isolate yourself until you received the results. Once tested positive then quarantine yourself.

"Let me explain the difference between self isolation and quarantine. With isolation you will spend time at home. Quarantine sperate and restrict the movement of people exposed to the virus.

"Remember there is no vaccine, no treatment for a virus infection. All you can do to treat the symptoms that you are presenting. If you are able to breath and you do not need admission to a medical facility or are not in need of ventilation you can self medicate. You should get antibiotics, medication for fever if you have a fever. You can also use Vitamin C, Zink, Vitamin E and drink at least 1 ½ liter of water, especially warm water with fresh lemon in it. Eat warm meals, avoid cold meals and drinks, wear your mask and most of all: stay at home." was Sister Winnie's departing words for Kranspoort.

*Ed., We thank Sister Winnie Khumalo and her team of Community Health workers for visiting us. We experienced you and your team as warm, caring and friendly Health workers and appreciate the work you do.*









# Kranspoort Inwonersprofiel: Piet en Wilna Valks



Piet is in Groblersdal gebore 67 jaar gelede en Wilna in Nongone, Kwazulu Natal. Piet het sy eerste 8 jaar op ‘n klein plasie op die Maleoskoppad na Groblersdal grootgeword. Hy studeer aan die Universiteit van Pretoria en behaal ‘n BA-graad.

In die begin van sy loopbaan het Piet by die SAUK se Noord-Sotho Radiodiens in Pretoria as bedryfsassistent gewerk en saam met die Noord-Sotho omroepers verantwoordelik gewees vir die tegniese hantering van die uitsending. Hy is na Pietersburg verplaas in Oktober 1976 toe die Noord-Sothodiens daarheen verskuif het. In Pietersburg het hy deur RAU ‘n honeursgraad in Sothotale in 1978 verwerf. Daar is hy en Wilna getroud waar sy as tikster vir die Polisiedepartement gewerk het.

Piet sê: “Die lekkerste werk het ek egter gehad gehad het, was van 1978 tot 1991 by die SAUK se buitelandse dienste (Radio RSA) in Johannesburg. Ek was toe in beheer was van die SAUK se Lozi uitsendings (‘n taal amper soos Sotho). Ons het ‘n opnameateljee in Katima Mulilo gehad waarna ek ook omgesien het wat programme in Caprivi opgeneem en dan afgevoer het na Jhb met militêre vlugte vanwaar dit op kortgolf na Caprivi en Wes Zambië utgesaai is vir 7 ure per dag.”

Vanaf 1982 was Piet ook bestuurder van die Swahili-, Chicewa- en Tsonga radiodienste wat Zambië, Malawië, Kenia, Tanzanië en Mosambiek as teikengebeide gehad het.

Voor die verkiesing 1989 in Nambië is die SAUK versoek om in vier Ovambo tale en drie Kavango tale op kortgolf vanuit Johannesburg na die gebiede uit te saai. Hy moes die omroepers daar gaan werf en oplei en in ‘n rekordtyd van twee weke was die twee dienste op die lug.

Van 1991 tot met hulle aftrede in 2016 het Piet by inkomstegenererende eenhede van die SAUK gewerk. Piet het die rol vervul om Namens die SAUK handelsmerke te lisensieer.

Piet het Wilna ontmoet toe hy as diaken haar ouerhuis besoek het om offergawes vir die kerk daar gaan kollekteer. Daar het hy hulle dogter, Wilna, ontmoet en sommer weggeneem.Wilna was beide tuisteskepper en het van tyd-tot-tyd as marknavorser opgetree.

Piet en Wilna is al meer as 42 jaar getroud en het twee kinders en twee kleinkinders in Johannesburg en Pretoria.

Piet gesels oor sy belangstellings: ”Ek lees graag nie-fiksie, meestal oor Suid Afrikaanse geskiedenis en Tweede Wêreldoorlog. Ek hou ook daarvan om oor en oor aanhalings van belangrike mense in die verlede te lees. Ek ken baie uit my kop uit en sommer ook ‘n hele paar in Swahili en Noord-Sotho ook soos . “Mpê mpê ea lapisa, motho o kgonwa ke sa gagwe.” Hierdie een het ek by Justus Tshungu geleer. Die Swahili een: “Haraha Haraka haina Baraka” se Afrikaanse betekenis is: ‘n Haastige hond verbrand sy mond”.

Wilna spandeer baie tyd aan naaldwerk, breiwerk en hekel. “Ek maak graag klere vir my kleinkinders, veral vir my kleindogter.” Sy is ‘n kranige leser van fiksie.

## Oordenking: As God vir ons is……….

Ds jaco van Rooyen

Romeine 8: 38 en 39 vorm die slot van Paulus se oorwinningslied soos verwoord in verse 31 tot 39. As God vir jou is kan jy nie verloor nie.

Omdat God vir hom was, het Paulus hom nie deur teenslae en teenkanting laat onderkry nie. Nooit het hy homself bejammer, terneergedruk gewees of toegelaat dat moedeloosheid sy skouers laat hang nie. In die tronk sing hy lofliedere en skryf oor blydskap.

Die oorsprong van die oorwinningslied? In God se liefde soos Hy dit bewys het in Jesus se sterwe. As God so ver gegaan het om ons te red, sal Hy ook nou gee wat ons nodig het. Wat het ons nou nodig? Volharding, deursettingsvermoë, blydskap, positiwiteit en ‘n gees van omgee en bemoediging!

Dit was hierdie liefde wat Paulus gedring het om te volhard ten spyte van lyding, teenstand, naaktheid, gevaar of smart.

God se liefde moet ook ons anker wees as ons lewensboot deur allerlei storms geteister word. Waar sy liefde soos Jesus van ouds in ons bootjie is, is daar altyd hoop, verwagting en durf.

Daarom, as die moedeloosheid jou oorval, jy kla en opstandig raak oor ongunstige omstandighede soos wat ons nou beleef, dink aan God se liefde vir jou in Jesus Christus ons Here.

Dan sal jy saam met Paulus begin sing oor die liefde waarvan niks jou kan skei nie. Dan sal die vrede wat die liefde bewerk en alle verstand te bowe gaan, oor jou gedagtes en verstand die wag hou, sodat jy positief die lewe kan hanteer.

Baie sterkte, bly gehoorsaam en gesond en wees baie dankbaar vir al die seëninge en genade wat ons nogtans elke dag mag geniet. SOLI DEO GLORIA.








# Kranspoort se mense en hulle dinge…..

(Elsabé Strydom)




## *Kranspoorter van die Jaar* onder die vergrootglas

Jaarliks word daar, gedurende die Algemene Jaarvergadering, die Kranspoorter van die jaar aangewys. Dit is ʻn eretitel wat jaarliks aan ʻn Kranspoort-inwoner toegewys word vir belangrike bydraes gemaak tot Kranspoort en aan die gemeenskap. Kriteria soos toewyding, leiding in gemeenskapaktiwiteite, verbetering van Kranspoort en omgewing word in ag geneem. Hierdie jaar is Roelf Botha aangewys en Elsabé het met hom gaan gesels.

Roelf is ʻn afgetrede boer uit die Carolina Distrik. Twee jaar gelede het hy en sy vrou, Magda, hulle hier in Kranspoort kom vestig. Sommer gou na sy aankoms het Roelf, vanuit sy ervaring as boer, ʻn onkruid probleem langs Kranspoort se grensdrade bespeur. Hy het dit ook as brandgevaar uitgewys en met die KEK bespreek. Uit sy persoonlike voorraad onkruiddoder het hy die enorme taak aangepak om groot gedeeltes van die Kranspoort grensdraad eiehandig en kilometers te voet, met onkruiddoder behandel en die brandrisiko onder beheer te bring. Hierdie onbaatsugtige daad het nie ongesiens verbygegaan nie en gedurende die AJV in Februarie is hy as **Kranspoorter van die jaar 2019** aangewys**.**

## Vriend van Kranspoort:

## Piet Koedyk



As daar een persoon is wat meeste mense in Kranspoort ken en bykans elke inwoner se waardering en respek verdien is dit sekerlik Piet Koedyk, wat gedurende Junie aangewys is as "Vriend van Kranspoort".

Kranspoorters ken Piet as die "Eskom-man" wat nie huiwer om te help nie. Met passie, ywerigheid en geduld spreek hy elke kragprobleem vinnig en effektief aan. Gedurende ʻn telefoononderhoud met Elsabé kan ons hom nou bietjie beter leer ken.

*Waar kom jy vandaan?*

"Ek het in Allanridge grootgeword en skoolgegaan tot in matriek in Odendaalsrus wat 20 km van Allanridge is. Daar het ek gematrikuleer by Wessel Maree Hoërskool in 1979. "

*Ondersteun jy nog steeds die Cheetahs*? "Beslis, al maak hulle my soms vies."

*Hoe lank is jy al werksaam by Eskom*? "Al 30 jaar."

*Vertel ons van jou vrou en kinders.*

"Ek het my vrou raakgeloop by haar werksplek en ons het aan die gesels geraak en die res is geskiedenis. Ons is nou twintig jaar getroud en het 3 seuns, Jacques, Schalk en Elandré. Jacques het sy eie besigheid in Groblersdal en Schalk in Komatiepoort. Elandré werk vir n firma in Lydenburg. Ons is gelukkig om vier kleinseuns te hê. Die dogtertjies ontwyk ons nog. My vrou is nou ń tuisteskepper."

*Wat doen julle graag vir ontspanning?*

"Ons is baie lief vir die natuur…enige plek waar daar berge is en water, maar ons kamp nie. Dis heerlik om n paar dae in ń chalet te ontspan. Tuis voer ons die voëls en ek het al by die 100 soorte getel."

*Het jy ʻn boodskap vir ons Kranspoorters?*

"Dankie vir julle geduld. Ons help graag. Sorg net dat ons n verwysings-nommer kry."

*Wat ʻn voorreg om ʻn onderhoud met hierdie besonderse man te kon voer(al was dit per telefoon). Dankie Piet vir al die kraghulp wat jy aan ons verleen. Elsabé*

## Koue voetjies en lyfies word so warm gehou.

Die op en wakker breiers van die Vonkelvroue het weereens wonderlike werk gedoen. Gedurende Junie het die dames ʻn behoefte identifiseer na ʻn versoek op sosiale media.

Die Wonderhoek-kinderhuis, sowel as die Care Village het ʻn dringende versoek gerig vir slaapsokkies, serpe en mussies vir hulle kinders. Beide is kinderhuise in die Middelburg omgewing.

Op Vrydag, 3 Julie, lewer Magda van der Linde hulle artikels genoeg vir 19 kinders by Wonderhoek af. Die balans is aan Care Village geskenk. Die geskenke is met waardering en blydskap onvang.

*Baie dankie en wel gedaan Dames! Julle doen wonderlike werk. Red.*







## Fonnie, die metaalwerker van faam.

Van trapreëlings, fotorame, potplant-staanders en vele meer, kan Fonnie ons baie vertel. Solank dit in metaal is, kan Fonnie dit maak. Fonnie toon sy pragtige handewerk. Hy sien dit egter as stokperdjie en verkoop nie huidig sy werk nie.







# Kampvuurstories

## Bobbejaanstreke. deur Johan Botha

1. **Bobbejaanstreke oppad na Tshokwane**

Tussen Skukuza en Tshokwane, duskant van Leeupan, is daar op die rivieroewer 'n indraai met groot Jakkalsbessies, Essenhoute en Wildevye. Die bome is ook die slaapplek van 'n groot trop bobbejane.

Een van die oud tropleiers is jare terug al uitgestoot maar hang nog altyd in die omgewing rond. Eintlik is hy maar 'n alleenloper en ons het hom "Die Tramp" gedoop.

Hy sit vir ure teenaan die pad en het daaraan gewoond geraak dat mense tog maar wilde diere voer as hulle dink niemand sien hulle nie. Hy het met die tyd ook 'n paar handgebare aangeleer en het ook geleer rook.

Gewoonlik sit hy en wag dat iemand by hom stilhou. Hy kyk jou vir 'n paar oomblikke stip in die oë en kyk dan weg asof jy glad nie daar is nie. Hy sal eers op-en-af in die pad kyk of daar nie 'n wildtuinvoertuig aankom nie. Dan sit hy sy hand met twee vingers voor sy mond soos iemand wat rook. Hy maak dan suig en blaas geluide soos 'n roker. As daar rokers in die kar is, werk sy toertjie baie keer of hy kry net 'n stompie om te kou.

As hy nie 'n rookdingetjie kry nie sal hy so oor sy skouer wegkyk en 'n bakhandjie uitsteek. Net soos 'n bedelaar by 'n verkeerslig. Gewoonlik werk dit vir hom.

Daar is egter ook baie mense wat streng by die reëls hou en net foto's neem en vir hom lag. Partykeer sal hy net sy rug op jou draai en so sit tot jy wegry.

Ander kere weer sal hy jou net so 'n skewe kyk gee en jou 'n middelvinger gooi.

Hy het al mooi afgekyk by die bobbejane wat verbyry!

**Tramp Nr.1**

Eendag ry ek en 'n kollega op dieselfde pad en daar sit ta' weer en bedel. Ons stop by hom en hy maak mos of ons nie daar is nie. Ek besluit om hom 'n streep te trek. Ek maak die passasiersvenster toe en sê vir die kollega om te ry as ek so sê en om hard rem te trap as ek so roep.

Ek sit 'n piesang links voor in die voorruit. Onmiddellik spring ta op die enjinkap. Ek skuif die piesang middel toe en hy skuif ook oor. Hy krap aan die ruit.

"Ry" sê ek.

Ons ry vorentoe en maak spoed op. Tramp is 'n ou ruiter en is min gepla. Ek tel die piesang op dak se kant toe. Hy staan regop en probeer die piesang bykom. Hy het nie vashouplek nie.

"Stop" skree ek.

Kollega skop die rem vas. Bobbejaan probeer vasgryp maar is te laat. Hy gly oor die gladde enjinkap tot in die gras langs die pad en rol agteroor. Met die regopkom vou hy sy bene oormekaar en sit daar asof niks gebeur het nie. Hy tel 'n stokkie op en krap ongeërg in die sand om sy verleentheid te verberg.

Ons skree van die lag en maak vir hom groot oë soos wat hulle mos maak as hulle jou uitdaag. Skielik spring hy op en hardloop langs die kar af terwyl hy 'n streep teen die kant van die kar pie. Hy swenk bos se kant toe, kyk ons vir oulaas vies oor sy skouer aan en gooi ons 'n middelvinger voor hy met 'n harde 'boggom' in die bos verdwyn.

Ek kon sweer hy het die f-woord gebruik.



**Tramp Nr. 2**

'n Ander oudkollega vertel my die storie en vir die waarheid hiervan kan ek dus nie instaan nie.

Hy en sy vrou ry op 'n keer daar verby. Tramp is vir hulle ook 'n ou bekende en hulle hou by hom stil. Glo sonder enige uitlokking van hul kant spring ta voor op die enjinkap en het net oë vir sy aanvallige blonde vrou. Hy kyk haar stip aan en maak praatjies.

"Flash hom," por hy haar aan.

"Moenie verspot wees nie, man!"

"Toe man, hier is niemand nie."

Sy lig haar bloes en buustelyfie op en gee hom 'n vinnige kykie. Kollega vertel dis soos jy sê mes toe trek die man handrem op en vat korrel. Hulle het glo al hul dae gehad om hom van die kar af te kry.

Soos reeds gesê, vir die een kan ek nie instaan nie.

**Tramp Nr. 3**

Een oggend vroeg sit ek by Skukuza se laagwaterbrug en kyk na die plaaslike bobbejaantrop se manewales. Hulle kan jou ure se vermaak besorg. Een van die jong knape is vol energie en spog met sy akrobatiese spronge.

Hy val oor die brugreëling en spring tot op 'n plat rots bo die water. Daarvandaan spring hy oor die water tot op 'n ander klipplaat so 2 meter verder. Hy spring dan weer terug op die brug en herhaal die sirkel. Van die jongeres probeer hom na-aap maar kan nie bybly nie.

Hy het so vier sirkels voltooi toe hy weer met 'n boog oor die water tussen die twee klipplate probeer spring. Hy is skaars in vlug toe die water wit oopbars en 'n krokodil hom in die lug beetkry. Die krokodil land halflyf buite die water op die klip en verstewig sy greep om die mannetjie se middel.

Die bobbejaan skree iets allerverskrikliks terwyl hy aan die klip probeer vasklou. Die krokodil probeer weer sy greep verbeter toe twee reuse mannetjies blaffend afspring en die jongman aan die arms beetkry. Hulle trek verbete en lig die spulletjie heel uit die water. Die slagoffer rek lankuit en begin in twee skeur soos die krokodil se tande diep sny terwyl hy sy kop heen-en-weer skud. Sy greep begin glip en toe hy weer wil vervat kry die twee mannetjies die jongeling los.

Hulle sleep hom 'n ent teen die klip uit en laat val hom terwyl hulle rasend op die brug terugspring. Die jong mannetjie lê leweloos waar hy geval het. Die krokodil klim stadig op die rotsbank uit, hap twee keer om 'n goeie greep te kry en gly weer terug in die water.

Ek wonder of die hele petalje meer as twee minute geduur het. Sekondes later kabbel die water weer glad in die stroom weg sonder enige teken van die drama wat pas hier afgespeel het.

Dis net die bobbejane wat rasend op die brug paradeer.

Dít is Afrika.

**5. Leer hom 'n les!**

Een oggend vroeg sit ek op die plaas en kyk hoe die trop bobbejane in die bome baljaar voor hulle afklim vir die dag se kossoek- en kattekwaadekskursies. Van die jonges is reeds op die grond en rol bollemakiesie soos hulle rofstoei. Die kleintjies jaag mekaar nog op-en-af in die takke. Sommer in die verbygaan sal 'n kleintjie 'n grote se stert vasgryp om deur te swaai na die volgende tak.

Die ou tropleier sit hoog in die takke en bespied die wêreld so uit sy blaretoring. Uiteindelik besluit hy dis ook tyd om af te klim. Hy klim stadig af, een voet oor die ander terwyl die jongklomp om hom kwetter en swerm. Van die wyfies hou hom ook nuuskierig dop terwyl van die ouer wyfies hom klaarblyklik ignoreer. As hy eers besluit het dis veilig daar onder, sal hulle hom volg.

Vervolg op bl 11

# Kampvuurstories vervolg

Een van die jong opgeskote mannetjies probeer heeltyd sy guns wen deur voor hom uit te draf, om hom te rol en so aan hom te vat-vat. Die ou man stap statig vooruit terwyl hy praatgeluide maak en gaan sit in 'n sonkol omtrent 20m van my af met sy rug na my toe. Totale arrogansie, as jy my vra.

Hy sit wydsbeen, trek sy knieë op en gooi sy hande langarm oor sy knieë. Kort-kort loer hy so kop agteroor half oor sy skouer na my kant toe terwyl hy maak of hy my nie raaksien nie.

Die jong mannetjie begin sy hare vir hom met sy vingers uitkam en krap-krap opsoek na vlooie. Dan-en-wan steek hy 'n denkbeeldige vlooi in sy bek of byt iets aan die mannetjie se pels af. Hy maak sulke gatkruipgeluidjies en die ouman strek hom behaaglik uit. Hy loer weer meewaardig oor sy skouer na my kant toe.

"Jou ou bogger," dink ek. "Nou raak jy darem net te oorlams."

"Dis tyd dat altwee van julle bietjie 'n les geleer word."

Ek haal my kettie onder die sitplek uit en vat 'n stewige groen maroela uit die sakkie in die deur wat ek spesiaal aanhou om bobbejane by die asblikke te verwilder. Ek lê stilletjies met die kettie aan en laat loop met die rekker net toe die jong mannetjie weer agterom beweeg.

Die maroela klap tussen die ouman se blaaie vas. Met 'n skreeu vlieg hy uit sy spore maklik twee meter die lug in. Die jong mannetjie spring verskrik 'n ent agteruit. So in die vlug draai die ouman om en kry die jong mannetjie in sy visier. Daarna is dit net een stofwolk soos die jongman skreeuend en tjankend probeer wegkom. Hy kry die pak van sy lewe.

Die res van die trop spat in alle rigtings en die kleintjies vlug vervaard onder hul ma's se pense in. Die ma's skarrel op hul beurt terug na die veiligheid van die boomtoppe. Daar heers vanoggend groot konsternasie in die trop.

Lank daarna loop die ouman nog blaffend en erg verneder met sy kromstert rond. G'n bobbejaan vertrou hy gou weer nie.

"Dit sal jou leer om op my werf hans te wil raak."

**6. Eish! Maar so sousie kan brand.**

'n Paar van ons manne ry een middag met 'n kombi terug na 'n dag se bosberaad. Natuurlik sit daar weer 'n trop bobbejane in die pas en 'n paar toeristemotors het ook reeds stilgehou. Dis duidelik dat van hulle kos uitgegooi het.

Een van die groter mannetjies vat die kleintjies se kos af en hardloop telkens vooruit as iemand iets uitgooi. Een van die manne saam met ons besluit die boelie moet 'n behoorlike les geleer word.


Tydsaam sny hy 'n proppie uit 'n oorblywende tamatie en suig die tamatie uit. Hy vroetel in die koskrat en kry 'n botteltjie tabascosous in die hande. Hy skud die botteltjie se inhoud in die leë tamatie uit en druk die proppie terug in die gaatjie.

"Maak die skuifdeur oop," sê hy en rol die tamatie in die pad af. Die boelie skiet soos 'n pyl uit 'n boog op die rollende tamatie af en raap dit op. So in die hardloop prop hy dit in sy mond en klouter teen 'n boomstam op en gaan sit op 'n tak. Die tamatie staan 'n knop in sy kies. Agterdogtig skuif hy die tamatie oor na sy ander kies. Dit lyk of hy 'n krieketbal in sy kies probeer wegsteek.

Ons sit hom in spanning en dophou en moedig hom aan om te kou. Die volgende oomblik byt hy die tamatie deur en sy lyf verstyf. Sy oë trek oormekaar en hy val agteroor uit die boom asof hy 'n skoot weg het. Hy gaan sit agter die boomstam maar ons kan steeds sy gesig sien. Hy trek so 'n lang tuitbek en blaas hoorbaar oor sy lippe. Hy loer om die boom vir ons en maak asof daar in hierdie wêreld net mooi niks verkeerd is nie. Hy kruip weer agter die stam in en blaas oor sy tuitbek terwyl hy sy hande hande vinnig op-en-af oor sy lippe vryf. Toe los hy net so 'n bollie en sit met 'n skreeu af water-toe.

In die kombi lê ons van die lag.

"Dit sal jou leer om die kinders se kos af te vat, jou boelie!"







## Kranspoort sê dankie

***Ons sê dankie aan: Die Opstoppers***

***Kranspoort inwoners wil hulle waardering uitspreek aan Johan Botha en die groep mans en vroue wat hard werk om ons dorp veilig te hou.***

***Ons sê dankie aan die Opstoppers wat aand na aand ons dorp se paaie, sowel as die buitepaaie patroleer, soms tot lank na middernag. Ons sê dankie aan die manne wat nagte in die koue, donker, op strategiese plekke in die veld wagstaan, wagtend en wakend. Ons sê dankie aan die manne wat elke aand bystaan om op noodroepe te reageer en inwoners by te staan waar en indien nodig met inbrake en ander gevare. Laastens sê ons dankie aan die klein groepie manne wat misdade ondersoek. Kilometers loop en spoorsny, wetend van die risiko en gevaar wat al hierdie vrywillige en onbaatsugtige aksies inhou.***

***Baie, baie dankie.***

# Hester kry die laaste woord in….



## Voorblad foto

*Sondagoggend 5 Julie besluit ons om 'n draai deur ons pragtige dorp te ry om te sien wat het die koue met ons tuine gemaak. Ook na Jopie-se-pos, maar geen teken van 'n dier nie. Terug in Kranspoortrylaan 'n paar rooibokke wat rustig rondloop. Nou die 4X4 roete na die plato, en al wat ons sien is net een zebra en vier rooibokke. Op die plato net spore, geen diere nie todat ons regs afdraai na die dammetjie toe. 13h30 en daar is hulle....'n trop zebras en die kameelperdfamilie. Die kleiner outjies, skaam soos altyd, verdwyn tussen die bosse en bome en die grotes se koppe in die boomtakke op soek na sappige blaartjies. Maar dan is daar een wat weet hoe mooi hy/sy is en staan doodstil vir my vir 'n pragtige foto, steek selfs vir my tong uit. Uit kom my Samsung J5 selfoon en klik..klik.....Hoe gelukkig en geseënd is ons nie hier op ons eie stukkie paradys nie ? Piet Groenewald*


## Kranspoort Bulletin Redaksie

Redaksieleier: Wanda Underhay
wandaunderhay@gmail.com
Selfoon: 082 941 5051

Redaksielede:
Rentia Botha – 071 872 3145
Elsabe Strydom - 082 875 0378
Hester Hattingh – 066 270 7728

Proeflesers
Johan Botha
Erna Ruthven


## Hierdie maand sorg ons resep vir die voëltjiemaaltyd.

### Somerslaai

'n Groot aantal voëls sal hierdie dis waardeer, soos Muisvoëls, Loeries, Olyf Lysters, Vinke en Tiptolle, veral noudat die kos in die veld begin skaars raak vir insekte. Wanneer dit op die grond uitgesit word op 'n plat bord sal dit ook skilpaaie lok.

Jy benodig:
1 Hardgekookte eier
1 Groot Geelwortel
1 Klein kropslaai of loof van die wortels
5 Eetlepels ProNutro
½ Teelepel sout
1 Eetlepel Sonneblomolie

Druk hardgekookte eier fyn. Rasper wortel en snipper groenigheid fyn. Meng die twee en voeg ProNutro en sout by. Meng goed. Voeg olie by en meng weer deur. Plaas op opdienbord in die tuin.

### Grondboontjiebotter Lekkerte

1 Groot Dennebol
1 koppie Voëltjiesaad
1 Klein potjie Grondboontjiebotter
1 Groot plat bak of skinkbord
Tou

Week die dennebol oornag in water om die skubbe oop te maak. Meng die helfte van die saad met die grondboontjiebotter en gebruik 'n mes om die mengsel tussen die skubbe in te druk. Smeer die res van die mengdel liggies om die dennebol en rol dit dan in die oorblywende saad. Bind 'n string tou bo-aan die dennebol vas en hang dit aan 'n tak of waar jy wil. Dit is te oulik om te sien hoe die voëltjies hul akrobatiese toertjies uithaal om by hierdie lekkerte uit te kom!

## Oefen die lagspiere

Die Perde in die stal van die Koninklike Familie word geroskam en "gegroom" vir die volgende dag se optog deur die strate van Londen, die maanhare en sterte is geroskam, die velle blink en die vere op die koppe word losgeskud. Die perde word bederf die vorige aand met allerhande snuisterye en draf vrolik die volgende oggend met die besoek van die Prins van Monaco. Alles verloop vlot. Koningin Elizabeth en die Prins is statig in die koets toe een van die perde se maag skielik ondraaglik raak en allerhande snaakse geluide voortbring. Die Koningin vra om verskoning en sê "I Beg Your Pardon Monsieur" vir die stuitige perd se uitlatings. Die Prins leun oor en fluister: "It is fine Your Majesty, if you did'nt excuse yourself, I would have surely thought it was the horse!"

'n Sekere Ouma van Kranspoort spog by haar Kleindogter dat sy nou by 'n "Parachute Club" in Witbank aangesluit het. Die Kleindogter kyk na die bosjure en gil verskrik: "Maar Ouma, dit is nie 'n Parachute Club nie, dit is 'n Prostitute Club"!! Koel en kalm antwoord Ouma: "Wel, dit is nou 'n jammerte, ek het vooruitbetaal vir twee spronge 'n week!"

## Vir die vaardige hande

### Teekoppie en piering voëlbad

Rondom die huis is daar `n goeie kans dat jy `n ou skinkbord of twee het, of dalk `n vlak pottebakker-vrugtebak wat iemand vir jou gegee het wat al jare lank in `n kas gesit is.

Al hierdie klassieke vorms het net `n voëlbadparadys nodig - maak seker dat die bak vlak is sodat die voëls maklik kan vlieg sonder gevaar. Maak die bakvorm vas aan `n ou tuingrond, haak van vier-vier-hout, of selfs `n ou posbus wat stewig in die grond sit.

Hier is n maklike idee vir jul wat graag so iets wil aanpak

Benodigdhede:

1. 4 tot 5 ou tee koppies
2. 4 tot 5 ou pierings
3. 1 ou groot plat bord, diep genoeg om water te behou.

Aanwysings:

Geruik n stewige gom soos "No More Nails" en plak elke koppie aan die piering vas, plak dan so almal bo op mekaar in n toring, met die groot bord heel bo.

Verf die bogenoemde dan in mooi kleure en plaas in jou tuin, op jou dek of stoep.





